

16 November

Skrifgedeelte: Handeling 1:1-11

Fokusgedeelte: Handeling 1:8

Die Heilige Gees maak jou 'n getuie tot in die uithoeke

Net voor sy hemelvaart het Jesus belowe: “Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.”

Hierdie belofte het Jesus nagekom. Die Heilige Gees hét oor sy dissipels gekom. Hulle hét krag ontvang en hulle hét oor Jesus getuig. So het God deur hulle 'n “nuwe begin” gemaak: die totstandkoming van die eerste Christelike gemeente in Jerusalem, die uitdra van die evangelie ook aan nie-Jode en die stigting van talle gemeentes tot in die uithoeke van die wêreld.

Jesus gee steeds sy Heilige Gees aan sy kerk. So ontvang jy ook krag en maak die Heilige Gees jou 'n getuie. Jy dra ook by tot die uitdra van die evangelie, sodat God 'n nuwe begin in mense se lewens kan maak.

Getuie wees beteken om eerstehands te kan praat. Dit kan alleen gebeur indien die Heilige Gees jou lewe beheer en die evangelie in jou leef! Getuie wees bestaan ook en veral uit die dinge wat jy doen. Dade praat harder as woorde. Die “uithoeke van die wêreld” sluit al die terreine van jou lewe in. Dáár moet dit wat jy sê en doen, daarvan getuig dat Jesus leef!

Daar is baie uitdagings daaraan verbonde om 'n getuie te wees. Die dissipels het destyds baie teenkanting ervaar. Behalwe vir die teenkanting wat ons ook ervaar, maak die eise van die lewe dit soms vir ons moeilik om te getuig. Dit is so maklik om moed op te gee. Die Heilige Gees gee egter vir jou die krag om voort te gaan. Jy kan en moet 'n getuie wees.

Sing: Skrifberyming 1-1:6

Ds. JL (Jannie) van der Schyff (Welkom-Noord)